Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 79: Maart 2018

<u>2 Petrus 1:5</u>: "En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense."

Baie dankie aan almal wat 'n tydjie afgeknyp het om terugvoer op die vorige vorderingsverslag te gee. Dominique behoort aan "Reasons for Run" en verseker ons dat as hy moeg word, hy aan Johannes dink wat nie die voorreg het om te hardloop nie, dan hardloop hy in dankbaarheid verder. Hannalie skryf: "Elke keer as ek een van Johannes se verslae lees, dan wens ek 'n mens kan sy lus vir die lewe bottel. Dink net was 'n wonderlike produk? Een teelepel in die oggend en jy vra: 'Wat doen ons vandag?' Sjoe, hy is amazing!"

Die 26e Maart is dit reeds 8 jaar na die ongeluk wat ons lewens so drasties in 'n ander koers gestuur het. Ons dank die Here vir gesondheid, geluk, geduld, genade, goedheid en guns. Dat ons gesin heel anderkant uit gekom het. Dankie vir almal wat hiertoe bygedra het. Elke Versorger wat elke jaar terugkom en help, ondersteun, lag en saam huil. Vir onbaatsugtige diens. Almal wat iets aangedra het. 'n Whatsapp wat net op die regte tyd kom. Iemand wat inloer en gesels en 'n drukkie gee. Ons waardeer almal se liefde en omgee. Johannes het gevorder van 'n 8-jarige seuntjie tot 'n oulike 16-jarige tiener met 'n snor en baard. Hy is liefdevol en gevat en 'n maklike "pasiënt".

Daar is altyd nog iets om voor dankbaar te wees. Hierdie maand het Johannes vir die eerste keer in 8 jaar sy linkerhand ook op die saal van die perd gesit. Dit was vir almal by Chilanga 'n groot wonder-oomblik. Dit was my voorreg om daardie dag langs die perd te loop en Johannes het vir 10 rondtes aaneen met albei hande aan die saal vasgehou. Toe Johannes 7 jaar terug by Chilanga begin perdry het, moes Gordon saam met hom ry en hom vashou. Nou sit hy stokalleen!

Johannes het gevorder van 'n buggy-rolstoel waarin hy vasgepak en ten volle ondersteun is, na 'n pragtige rolstoel waarin hy alleen sit en party dae selfs die wiele bietjie-bietjie self rol. Hy eet goed, drink sy medikasie getrou, is bykans nooit siek nie en kan sê wanneer hy die toilet wil besoek. Alles dinge wat teen die dokters se voorspelling in, waar geword het. Johannes is voorwaar steeds 'n wonderwerk-kind. As alles goed verloop, sal Johannes vanjaar by die NG Kerk Lourensrivier aangeneem en voorgestel word. Ek nooi solank almal uit om hierdie groot geleentheid saam met ons by te woon en te vier.

'**<u>n Paar oulike kwinkslae deur Johannes</u>**:

- Kan dit ook springgety word by 'n verlamde persoon se huis?
- Raak renosters baie soet as hulle gestroop word?
- Wat noem 'n mens 'n ligjaar as die krag af is?
- Sê nou maar dis stemdag (2019) en jou stem is weg. Wat doen jy dan?

<u>Gebedsversoeke:</u>

- Dat Johannes sterker en beter sal word
- Dat almal 'n geseënde, veilige Paasfees-tyd en vakansie sal hê
- Dat die Here steeds in beheer van die hele Smit- en elke Versorger-huishouding sal wees en bly

"At the end of life, what really matters is:
Not what we bought, but what we built;
Not what we got, but what we shared;
Not our competence, but our character;
Not our success, but our significance.
Live a life that matters.
Live a life of love."

Tot volgende maand. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 79

2010

Gordon hou vir Johannes op die perd vas

2018

Johannes sit alleen en hou met albei hande aan die saal vas

Johannes word in sy rolstoel vasgepak

Johannes neem aan 'n pretloop op Stellenbosch deel

Die Smitte toe

… en nou